# HOËRSKOOL LABORI
# NUUSBRIEF

## TWEEDE KWARTAAL 2022

Beste Labori Ouers/Voogde

Die helfte van die jaar is al weer verby en veral ons matrieks se dae by Labori raak al hoe vinnig minder. Dinge is weer grootliks terug na normaal en hierdie kwartaal was vol met baie aktiwiteite en sportdae. Ek wil net weer ons ouers en leerlinge bedank vir hul positiewe gesindheid en betrokkenheid by die skool op vele terreine. Die relatief min dissiplinêre probleme en goeie samewerking van die oorgrote meerderheid van ons ouers en leerders, maak die bestuur van Hoërskool Labori 'n aangename en genotvolle taak.

Die volgende kwartaal is weer vol aktiwiteite, wat afskop met ons Oueraand op 26 Julie 2022. Belangrike datums om te onthou vir ons Graad 12 leerders, is die September Rekordeksamen wat begin op 5 September met die skryf van hul Lewensoriënterings vraestel en die Matriekafskeid op 29 September te Kronenburg.

**PERSONEEL**

Ons neem hierdie kwartaal afskeid van een van ons onderwyseresse, Mej Hanelise Maritz. Ons wens haar alle sterkte toe met haar loopbaan vorentoe. Ons verwelkom dan vir Mev Heidrie Rust, wat op 19 Julie 2022 by ons aansluit.

**FINANSIES**

Die nié-betaling van skoolfonds deur ouers, bly nog steeds 'n probleem. Dit maak dit vir ons moeilik om volgehoue diens van hoogstaande gehalte te lewer. Ons personeelgetalle en dus ook die grootte van klasse, word direk hierdeur geraak. Ons doen dus 'n vriendelike beroep op alle ouers om hul verpligtinge ten opsigte van hul kinders se opvoeding na te kom.

Ouers word versoek om asb. hul Labori rekeningnommers, soos wat dit op die rekeninge verskyn, te gebruik as verwysing by Elektroniese Betalings, sowel as wanneer hul navraag doen oor rekeninge.

**AKADEMIE**

Ons is besorgd deur van ons leerders se negatiewe ingesteldheid teenoor hul akademie. Dit is regtig onaanvaarbaar hoe maklik en dikwels van ons leerders uit die skool bly, sonder dat hul siek is en in baie gevalle waar ouers nie eens die moeite doen om die skool dienooreenkomstig in te lig nie. Wat dit nog meer ontstellend maak, is dat baie van ons matriekleerders hul hieraan skuldig maak.

Die skep van 'n akademiese klimaat is vir die personeel van Labori 'n saak van prioriteit. Afsprake vir mediese- en ander besoeke, moet asseblief sover moontlik buite skooltyd gemaak word. Indien u as ouer nie daadwerklik en ferm begin optree nie, sal kosbare tyd en geld vermors word.

Ekstra klasse word ook in alle vakke aangebied. Roosters hiervoor word aan die begin van die kwartaal aan die leerders uitgegee. Leerders moet vooraf reëlings tref met hul onderskeie onderwysers om die klasse by te woon.

**HANDBOEKE**

Daar word ‘n beroep gedoen op ons ouers om te verseker dat die handboeke wat aan die leerders uitgehandig is, goed opgepas word en waar nodig, verlore boeke onmiddellik vervang word.

**PRESTASIES**

Baie geluk aan elke leerling wat volgens sy/haar potensiaal presteer het en dit vir die personeel ‘n plesier maak om hul dagtaak te verrig. Ons toppresteerders vir dié kwartaal is:

| **Graad 8** | | **%** | **Graad 9** | | **%** | **Graad 10** | | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Strydom, Katelyn | 89,8 | 1 | Janson, Hanro | 90,7 | 1 | Kellerman, Karen | 86,1 |
| 2 | De Klerk, Zéan | 86,2 | 2 | Jacobs, Michelle | 89,9 | 2 | Coetzee, Kayla | 83,3 |
| 3 | Mars, Raylee | 85,8 | 3 | Kleinhans, Dieter | 88 | 3 | Basson, Karla | 77,6 |
| 4 | Jacobs, Leigh-Vaughan | 83,7 | 4 | Pretorius, De Wet | 82,8 | 4 | Van Wyk, Adon | 76,9 |
| 4 | Snyman, Leon | 83,7 | 5 | Beetge, Ryan | 81,7 | 5 | Mans, Rudolph | 75 |
| 6 | Fourie, Ben | 82,3 | 5 | Nel, Marizelle | 81,7 | 6 | Fischer, Kees’ha | 72,6 |
| 7 | Petersen, Auden | 78,8 | 7 | Brooks, Neil | 81,6 | 7 | Koch, Nickle | 72,4 |
| 8 | Truter, Gareth | 78,6 | 8 | Nel, Melissa | 78,8 | 8 | Jacobs, Zax | 72 |
| 9 | Rose, Connor | 78 | 9 | Skippers, Eulynne | 78,6 | 9 | Mans, Gerbrand | 70,1 |
| 10 | Koopman, Caitlin | 77,3 | 10 | Compion, Renier | 78,4 | | | |
| 10 | Smit, Akeelah | 77,3 | 10 | Samuels, Taz-Lynn | 78,4 | | | |

| **Graad 11** | | **%** | **Graad 12** | | **%** |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Lategan, Henrich | 90,7 | 1 | Julius, Chelsea | 88,7 |
| 2 | Scheepers, Migael | 86,1 | 2 | Vosloo, PG | 86,7 |
| 3 | Nieuwoudt, Matthys | 81 | 3 | Afrika, Ethan | 82,9 |
| 4 | Fourie, Kael | 80,7 | 4 | Potgieter, Jaddon | 80,9 |
| 5 | Hugo, Gabrielle | 77,1 | 5 | Hartzenberg, Ruaan | 80,7 |
| 6 | Walters, Stef-Steyn | 74,4 | 6 | Krüger, Kiara | 80 |
| 7 | Ellis, Henry | 73,3 | 7 | Goosen, Marhelene | 79,4 |
| 7 | Otto, Jané | 73,3 | 8 | Bushby, Deonette | 78,7 |
| 9 | Stopforth, James | 73 | 9 | Pedro Hadassah | 75,9 |
| 10 | Jackson, Sheneill | 70,6 | 10 | Joubert, Angelique | 75,3 |
| 10 | Venter, Elaine | 70,6 | 10 | Noudt, Keasha | 75,3 |

**OUERAAND**

Ons oueraand vir al die Grade van Gr.8 – Gr. 12, vind plaas op Dinsdag, 26 Julie 2022 vanaf 18:00 – 21:00, besprekings hiervoor moet weer aanlyn gedoen word. Briewe met meer inligting hieroor word saam met die rapporte uitgegee.

**WISKUNDE OLIMPIADES**

Op 11 Mei het 39 van ons leerders die UCT-Olimpiade geskryf. Op 12 Mei het vyf van hierdie leerders ook deelgeneem aan die tweede rondte van die SA Wiskunde Olimpiade. Ons wag nog vir die uitslae van beide hierdie olimpiades.

**MATRIEKS**

Die matrieks se tydjie by Labori raak nou baie kort. Hul algemene assesseringstaak vir Lewensoriëntering (LO) sal op Maandag, 5 September geskryf word. Dit is dan ook die begin van hul September Rekordeksamen.

Volgens die amptelike eksamenrooster, soos ontvang vanaf die WKOD, begin die NSS (Nasionale Senior Sertifikaat) eksamen amptelik op 31 Oktober 2022 en eindig op 6 Desember 2022. Die RTT Vraestel 1 en IT Vraestel 1 se praktiese eksamens word vooraf afgelê op onderskeidelik 25 en 26 Oktober 2022. Die amptelike eksamenrooster is reeds aan die leerders uitgegee en is ook beskikbaar op D6-Connect. Maak asb. seker dat die skool u nuutste selfonnommers het, sodat u gekontak kan word indien daar enige veranderinge op die rooster en/of eksamentye sou wees.

Die matriekafskeid vind vanjaar plaas op 27 September 2022 te Kronenburg. Die Gr. 12 leerders reeds hul uitnodigings hiervoor ontvang en ons sien almal uit na ‘n onvergeetlike aand wat vir hulle voorlê!

**REDENAARSKOMPETISIE**

Die Redenaars se Gala-Aand, op 24 Mei 2022 was voorwaar ‘n spoggeleentheid wat nie aangebied kon word, sonder die harde werk van die leerders nie. Baie dankie aan Armand Coetzee, Onder-Voorsitter wat gehelp het met die vloei van die program by die Gala-Aand. Baie geluk aan die volgende leerders, met hul uitslae, nl.:

- Reuben Grobler - Eerste posisie algeheel en eerste posisie met sy onvoorbereide toespraak. Die tema van sy Voorbereide toespraak was, “The struggle of progress”;
- Karen Kellerman (Redemeester) – Tweede posisie algeheel en eerste posisies met haar voorbereide toespraak oor Tatoeërmerke.
- Zaandré Arendse (Voorsitter) – Derde posisie met haar voorbereide Toespraak: “Depressie: Verskoning of Geleentheid”, derde posisie met haar onvoorbereide toespraak en Algeheel derde posisie.
- Anje Oelofsen – Vierde algeheel en tweede posisie met haar onvoorbereide toespraak. Die tema van haar voorbereide toespraak was, “Die impak van boelie-gedrag op tieners.”.
- Haillie Basson - Vyfde algeheel en derde posisie met haar onvoorbereide toespraak.
- Angelique Overmeyer – Tweede posisie met haar voorbereide toespraak: “Waar pas ons in?”
- Kayla Coetzee (Sekretaresse) – Derde posisie met haar onvoorbereide toespraak.
- Sheneill Jackson – Derde posisie met haar voorbereide toespraak, nl.: “Feminisme gaan oor meer as die voorreg om vrou genoem te word”.

Baie geluk aan al ons Redenaars! (Mev Snyman - Organiseerder)

## SKOOLTASSE

Alle leerlinge moet die voorgeskrewe Labori-skooltas gebruik. U as ouer het duur betaal vir hierdie tasse en moet toesien dat die leerlinge dit gebruik. Dié tasse beskerm die handboeke (‘n leerling se boeke kos ± R2 000 per leerling) en dit skep ‘n netjiese en uniforme beeld van die skool. Nuwe tasse is by die finansiële kantoor teen R300 elk te koop. Dit is tog logies dat geen tas vir vyf jaar kan hou nie en daarom sal die tas wat die leerder in Gr. 8 ontvang het, indien nodig, self vervang moet word.

## KLEREDRAG EN DISSIPLINE

Leerders moet nou vir die volle derde kwartaal volledig geklee wees in die skool se Wintersdrag. Die langmou skooltrui mag slegs onder die skoolbaadjie gedra word en nie daarsonder nie. Veral die ouers van koshuisleerlinge moet toesien dat hul kinders se wintersdrag, soos volgens ons gedragskode is. Die skoolbaadjie is verpligtend en die skoolreënbaadjie is opsioneel. Die skoolreënbaadjie mag slegs gedra word indien leerders ook ‘n skoolbaadjie aanhet. Beide baadjies is by De Jagers beskikbaar, daar is ook skoolbaadjies by die skool se tweedehandse klerebank beskikbaar. Maak asb. seker dat u kind na die vakansie, wat betref sy/haar fisiese voorkoms, bv. Hare, kleredrag en skeer, terugkeer soos wat ons skool se gedragskode voorskryf.

## KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL

Ten einde kostes te bespaar word daar gebruik gemaak van die sms-boodskappe, D6 Connect en ons Facebook blad om inligting aan ons ouers oor te dra. Ons het nou reeds oorgegaan vanaf die D6 School Communicator na D6 Connect toe. U sou ‘n uitnodiging via epos of sms ontvang het vanaf D6 om die nuwe toepassing af te laai. Indien u dit nog nie gedoen het nie, wil ons asb. versoek dat u dit so gou moontlik doen om sodoende te verhoed dat u uitmis op belangrike kommunikasie vanaf die skool. Indien u geen kommunikasie ontvang het vanaf D6 nie, kontak ons asb. dadelik by ontvangs@hslabori.co.za sodat ons kan seker maak dat u besonderhede opgelaai is op die stelsel.

## POEDINGAAND

Die terugkeer van die Poedingaand, na twee jaar se afwesigheid, was weer eens ‘n suikerbelaaide sukses! Baie dankie vir elke skenking wat ontvang was. Die donasies, bestanddele, klaargemaakte poedings, elke helpende hand op die aand en Feedem se bereidwilligheid om te help en dan laastens Mariaan se Koffiehuis in Wellngton, vir die massiewe skenking van twintig poedings, wat beslis bygedra tot die groot sukses! Die tafels het behoorlik gekreun onder die lekkernye. Met almal se hulp en ondersteuning kon ons ‘n baie mooi bedrag van R12 000 insamel. Die gelde sal weer eens aangewend word in belang van ons skool. Groete Mnr. Dreyer/Juf. Redelinghuys

## OOV

Wees op die uitkyk vir die smullekker Spur Burger- drivethrough wat beplan word deur die OOV in die 3de kwartaal. Meer inligting sal deurgegee word begin nuwe kwartaal. Die OOV beplan ook om tydens die derde kwartaal ’n informele dans te hou, op 28 Augustus 2022. Die tema vir die dans is ’n Boemelaarsdans.. Die kaartjies kos R80 per persoon, dit sluit 2 soppe en brood in. Daar gaan ook heelwat prystrekkings wees. Kontak asb. u OOV Klasverteenwoordiger indien u belangstel om ’n kaartjie te koop

Die OOV wens almal ‘n geseënde vakansie toe. Baie dankie aan elke lojale ouer en leerder wat ons snoepie elke saterdag ondersteun het. Baie dankie ook aan elke onderwyser wat net hulle beste doen. Geniet elke oomblik van die welverdiende vakansie. (Mev Theresa Smit, OOV Voorsitter)

## SPORT

### LANDLOOP

Ons atlete het aan vyf Woensdag-liga wedlope deelgeneem hierdie kwartaal. Ons senior seuns het veral goeie tye gehardloop. Enige dogters of junior seuns wat belangstel om volgende kwartaal aan te sluit by de Landlope span, is welkom. Die volgende liga byeenkoms is op Woensdag, 27 Julie 2022.

### NETBAL

Die Netbalkalender van Kwartaal 2 was een van die besigstes wat ons nog gehad het, met altesaam 12 wedstryddae. Daar was gemengde welslae by al 9 spanne en ons is trots op elkeen van ons dogters wat hulle tyd en energie opoffer om hul skool se naam hoog te hou op die netbalbaan. Ons wens al die spanne sterkte toe vir Kwartaal 3 se wedstryde wat voorlê en vra dat almal sal aanhou oefen en fiks sal bly, aangesien ons eerste wedstryd van die derde kwartaal alreeds op Woensdag 20 Julie teen Klein Nederburg plaasvind. (Mev H Coetzee – Netbal Koördineerder)

### RUGBY

As skool is ons baie bly om vir die eerste keer in bykans 2 jaar weer ‘n vol rugbykalender te kan volg. Ons o/19A rugbyspan die Maart skoolvakansie aan die Arthur Johnson Sportweek deelgeneem en was een van net twee skole wat die week onoorwonne kon afsluit.

Ons het die die eerste naweek van die kwartaal begin met ons Boland Sentraal Rugbyproewe vir die o/16 en o/18 spelers. Nie minder nie as vier o/16 en dertien o/18 spelers is verkies tot die Boland Sentraal Rugbyspan wat teen Noord- en Wes-Boland gespeel het.

Ons het verskeie sportdae dié kwartaal gehad met gemengde welslae, maar kan met trots sê dat ons o/19 A rugbyspan met ‘n wenpersentasie van amper 80% spog en tans die 104de plek op die SA School Sports rugby ranglys beklee. Ons sien baie uit na wat die 3de kwartaal vir ons inhou. (Mnr Kershoff – Sport organiseerder)

### SPORT OEFENTYE VIR DERDE KWARTAAL:

| SPORT | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG |
|---|---|---|---|---|---|
| **RUGBY**: | | | | | |
| O/14 & O/15 | 15:00 – 16:00 | | 15:15 – 16:15 | 15:15 – 16:15 | |
| O/16A & O/19B | 16:00 – 17:00 | 15:00 – 16:00 | | 15:15 – 16:15 | |
| O/19A | 15:30 – 17:00 | 15:30 – 17:00 | | 15:30 – 17:00 | |
| **HOKKIE:** | | | | | |
| Dogters | 15:30 – 16:45 | | 15:30 – 16:45 | | |
| Seuns O/14 | 15:15 – 16:30 | | 15:15 – 16:30 | | |
| Seuns O/16 | | 16:00 – 17:00 | | 16:00 – 17:00 | |
| Seuns O/19A | | 15:30 – 17:00 | | 15:30 – 17:00 | |
| **NETBAL:** | | | | | |
| O/19A | 15:30 – 17:00 | | 15:30 – 17:00 | 15:30 – 17:00 | |
| Alle ander spanne | 15:30 – 16:30 | | 15:30 – 16:30 | | |

**2DE SKOOLKWARTAAL: 19 Julie – 30 SEPTEMBER 2022**

**Tuisnaweke:** 05 – 09 Augustus
02 – 04 September

**Openbare- en skoolvakansiedae**: 08 Augustus - Skole Vakansiedag
09 Augustus - Nasionale Vrouedag

**Belangrike datums om te onthou vir tweede kwartaal:**

Gr 8 – Gr 12 Oueraand – 26 Julie 2022
Matriek Rekordeksamen begin – 5 September 2022
Matriekafskeid – 27 September 2022.

Sodra die datumlys vir die derde kwartaal gefinaliseer is, sal die volledige kwartaalprogram op Facebook en D6 gelaai word.

**ID DOKUMENTE**

Hiermee wil ons graag ‘n vriendelike, dog dringende beroep doen op ons ouers om, sodra u kind 16 jaar oud word te gaan na Departement Binnelandse Sake om aansoek te doen vir sy/haar ID dokument. Dit is baie belangrik, aangesien dit ‘n vereiste is vir die aflê van Nasionale Senior Sertifikaat aan die einde van hul matriek. Probeer asb. om hierdie besoek tydens die skoolvakansies te doen, ten einde so min as moontlik onderrigtyd te mis.

**DRA VAN MASKERS**
Soos in die Staatskoerant gepubliseer is dit nou amptelik bevestig dat die verpligte dra van maskers opgehef is. Voortaan is die dra van gesigmaskers dus vrywillig.

Groete

**J Batt**
**SKOOLHOOF**

**SIKLUSROOSTER – 3DE KWARTAAL 2022**

| DAG 1 | DAG 2 | DAG 3 | DAG 4 | DAG 5 | DAG 6 | DAG 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 19 Jul | 20 Jul | 21 Jul | 22 Jul | 25 Jul | 26 Jul | 27 Jul |
| 28 Jul | 29 Jul | 1 Aug | 2 Aug | 3 Aug | 4 Aug | 5 Aug |
| 10 Aug | 11 Aug | 12 Aug | 15 Aug | 16 Aug | 17 Aug | 18 Aug |
| 19 Aug | 22 Aug | 23 Aug | 24 Aug | 25 Aug | 26 Aug | 29 Aug |
| 30 Aug | 31 Aug | 1 Sept | 2 Sept | 5 Sept | 6 Sept | 7 Sept |
| 8 Sept | 9 Sept | 12 Sept | 13 Sept | 14 Sept | 15 Sept | 16 Sept |
| 19 Sept | 20 Sept | 21 Sept | 22 Sept | 23 Sept | 26 Sept | 27 Sept |
| 28 Sept | 29 Sept | | | | | |

Hoërskool Labori High School

Gimnasiumstraat / Gymnasium Street
Privaatsak / Private Bag X3013
PAARL
7620

Tel (021) 872 8293 / 872 2042
E-pos / E-mail ontvangs@hslabori.co.za
Web www.hslabori.co.za

24 Junie 2022

Geagte Gr 8 – 12 Ouers/Voogde

**GR. 8 – GR. 12 OUERAAND: DINSDAG, 26 JULIE 2022**

Ons kwartaallikse Oueraand vir die Gr. 8 – Gr. 12 ouers, vind plaas op Dinsdag, 26 Julie 2022. Om almal 'n gelyke kans te gee om afsprake te maak met die onderwysers, moet daar vooraf elektronies afsprake gemaak word. Die formaat is soos volg:

- Die oueraand sal in die skoolsaal plaasvind.
- Ouers bespreek elektronies vooraf 'n 10 minute tydgleuf, by dié onderwyser(s) met wie u graag u kind se akademiese vordering wil bespreek.
- Dié elektroniese besprekings kan op ons webblad (www.hslabori.co.za) of op ons Facebook blad (http://www.facebook.com/labori) gemaak word. Die skakel sal ook op D6 Connect beskikbaar wees. Besprekings kan gemaak word vanaf 19 Julie – 25 Julie 2022 (Besprekings moet asb. via 'n rekenaar of skootrekenaar gedoen word en nie op 'n slimfoon nie.)
- Ons vra dat ouers hul besprekings in die tydgleuf tussen 18:00 en 21:00 sal doen.

**LET WEL:** Slegs ouers wat 'n tydgleuf/tydgleuwe by onderwysers bespreek het, sal hul te woord kan staan.

Skakel gerus indien enigiets onduidelik is. Ons hoop om u almal daar te sien!

Vriendelik die uwe

**J Batt**
**SKOOLHOOF**